**VRAAG 1** **100 punte**

**Ignoreer belasting op toegevoegde waarde**

Educo Holdings Bpk (Educo) is die beherende maatskappy van 'n groep maatskappye wat bekostigbare privaat skoolonderwys verskaf. Educo is nie tans op enige effektebeurs genoteer nie. Educo verskaf sedert 2000 onderwys aan skoolleerders en glo dat onderwys die hoeksteen van enige samelewing is. Die maatskappy verskaf onderwys aan nagenoeg 45 000 leerders in 122 skole regoor Suid-Afrika en is ook in Botswana teenwoordig.

## 1. Agtergrond

Die Educo-groep het sy bedrywighede uitgebrei deur nuwe skole oop te maak asook deur bestaande privaatskole te bekom.

Educo se bedrywighede is aan die begin van die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2017 (FJ2017) deur die volgende volfiliale uitgevoer:

- Educo Schools SA (Edms) Bpk ('ESSA') – Suid-Afrikaanse skoolportefeulje; en
- MaxiLearn (Edms) Bpk ('MaxiLearn') – Botswana-skoolportefeulje.

ESSA het 'n beleid van 'n maksimum klasgrootte van 30 leerders. In 2017 was die gemiddelde jaarlikse skoolgeld by sy skole R39 000 per leerder. In 2017 was ingeskrewe leerders as 'n persentasie van beskikbare kapasiteit (maksimum aantal leerders wat geakkommodeer kan word) 74%. ESSA is trots op die kaliber en ervaring van sy opvoeders en in 2017 was die leerder tot opvoederverhouding (aantal leerders tot opvoeders) 17:1.

Alle entiteite in ESSA het die Suid-Afrikaanse rand (ZAR) as hul funksionele en aanbiedingsgeldeenheid. Die Educo-groep se aanbiedingsgeldeenheid is die ZAR.

## 2. Industrie

Die groei in die Suid-Afrikaanse middelklas het tot 'n toename in die vraag na privaat onderwys aanleiding gegee. Daarbenewens het die kapasiteitsbeperkinge wat deur die regering se Departement van Basiese Onderwys in die lewering van onderwysdienste deur regeringskole ervaar word, ook die privaatsektor die geleentheid gebied om die leemte te vul.

Die persepsie onder ouers is dat onderwys deurslaggewend is vir die toekomstige sukses van hul kinders en dit het ook inskrywings by bekostigbare privaatskole 'n hupstoot gegee. Die huidige ekonomiese afswaai plaas egter druk op verbruikersbesteding en het 'n negatiewe uitwerking op die leerdertalle in privaatskole.

Mededinging in die privaat onderwyssektor bly 'n sleuteluitdaging vir volhoubare groei, met die belangrikste rolspelers Curro, ADvTECH en Educo.

### *2.1 ESSA – nuwe skoolgeleentheid*

ESSA oorweeg dit om 'n nuwe Educo-skool in George, 'n dorp in die Wes-Kaap, te open. Alhoewel daar gevestigde skole in die omgewing is wat hoë gehalte-onderwys verskaf, het ESSA 'n vraag na 'n nuwe privaatskool in George geïdentifiseer. ESSA voer 'n netto huidige waarde (NHW) -ontleding van alle potensiële nuwe skole as deel van sy beleggings-besluitnemingsproses uit. Hierdie ontleding dek 'n beplanningstydperk van tot ses jaar ná die aanvanklike oprigting van 'n skool, aangesien dit 'n nuwe skool normaalweg ses jaar neem om sy volhoubare besettingsvlak te bereik.

In Januarie 2017 het ESSA 'n bouperseel geïdentifiseer wat vir die oprigting van die voorgestelde nuwe skool in George geskik is. ESSA het gedurende 2017 R1 500 000 betaal vir navorsing aangaande die lewensvatbaarheid van die nuwe skool en om


© SAIGR 2018

grondhersoneringgoedkeuring te verkry. 40% van hierdie betaling is aan die navorsing bestee. Die betrokke grond word deur ’n boer besit, en ESSA het ’n opsie beding om die grond teen R9 miljoen te koop. Daar word verwag dat hierdie opsie uitgeoefen sal word sodra die finansiële uitvoerbaarheidsplan met betrekking tot die nuwe skool suksesvol afgehandel is. Die oprigting van die skoolgeboue en sportfasiliteite sou in Januarie 2018 ‘n aanvang kon neem en teen 31 Desember 2018 voltooi wees, gereed vir die 2019 skooljaar.

Die oprigting van die geboue en die sportfasiliteite sal aan ’n onafhanklike boukontrakteur uitgekontrakteer word en daar word verwag dat dit R70 miljoen sal kos, gebaseer op die aanname dat die oprigting in Januarie 2018 sal afskop. Die sportfasiliteite sal beperk wees, maar sal voldoende wees om enkele buitemuurse aktiwiteite moontlik te maak. Die boukontrakteur sal ’n vooruitbetaling van R28 miljoen van die totale boukoste vereis, voordat daar met die bouwerk begin word. Die balans van R42 miljoen sal by voltooiing van die projek aan die einde van Desember 2018 betaalbaar wees. Daar word verwag dat die grond en geboue aan die einde van 2024 gesamentlik ’n markwaarde van R115 miljoen sal hê.

Meubels, vaste toebehore en toerusting vir die voorgestelde skool word teen ’n koste van R8 miljoen van ’n derde party verkry, en dié bedrag is teen die einde van Desember 2018 betaalbaar.

ESSA se bestuursrekenmeester, Lwandle James, het ’n voorlopige sesjaar finansiële uitvoerbaarheidsplan vir die voorgestelde George-skool voorberei. Die plan is gebaseer op die onderstaande vooruitgeskatte inkomste en uitgawes vir die jare geëindig op 31 Desember:

| | **2019** | **2020** | **2021** | **2022** | **2023** | **2024** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **R’000** | **R’000** | **R’000** | **R’000** | **R’000** | **R’000** |
| Inkomste uit skoolgeld | 7 533 | 18 807 | 31 328 | 39 245 | 48 000 | 57 664 |
| Inskrywingsgeld | 243 | 347 | 367 | 195 | 206 | 219 |
| **Totale inkomste** | 7 776 | 19 154 | 31 695 | 39 440 | 48 206 | 57 883 |
| | | | | | | |
| **Bedryfsuitgawes** | (10 876) | (16 443) | (24 363) | (28 852) | (32 231) | (35 913) |
| Oninbare skuld | (113) | (282) | (470) | (589) | (720) | (865) |
| Kurrikulum- en buitemuurse koste | (360) | (382) | (404) | (429) | (454) | (482) |
| Werknemerskoste | (8 340) | (13 916) | (21 520) | (25 756) | (28 863) | (32 249) |
| Fasiliteitkoste | (450) | (477) | (506) | (536) | (568) | (602) |
| IT-koste | (180) | (194) | (210) | (225) | (240) | (257) |
| Bemarkingsuitgawes | (61) | (65) | (69) | (73) | (77) | (82) |
| Vooropeningskoste | (300) | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Koste van drukwerk en skryfbehoeftes | (104) | (111) | (117) | (124) | (132) | (140) |
| Gedeelde koste | (968) | (1 016) | (1 067) | (1 121) | (1 177) | (1 235) |
| | | | | | | |
| **VVRBDA*** | (3 100) | 2 711 | 7 332 | 10 588 | 15 975 | 21 970 |
| Depresiasie op geboue | (1 400) | (1 400) | (1 400) | (1 400) | (1 400) | (1 400) |
| Depresiasie op toerusting | (1 143) | (1 143) | (1 143) | (1 143) | (1 143) | (1 143) |
| **VVRB** | (5 643) | 168 | 4 789 | 8 045 | 13 432 | 19 427 |
| Finansieringskoste | (20 678) | (14 160) | (15 327) | (16 140) | (16 505) | (16 190) |
| **(Verlies)/wins voor belasting** | (26 321) | (13 992) | (10 538) | (8 095) | (3 073) | 3 237 |
| Belasting | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| **(Verlies)/wins vir die jaar** | (26 321) | (13 992) | (10 538) | (8 095) | (3 073) | 3 237 |
| | | | | | | |

***** Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (Eng.: EBITDA).


© SAIGR 2018

***Verduidelikende aantekeninge***

- Die George-skool sal ŉ maksimum kapasiteit van 1 080 leerders hê. Omdat ouers verkies om hulle kinders in òf graad 1 òf graad 8 na nuwe skole te stuur eerder as byvoorbeeld graad 7 of 12, word die verskillende grade mettertyd gevul en nuwe skole bereik volhoubare besettingsvlakke teen jaar 6.
- Daar word aanvaar dat die gemiddelde jaarlikse skoolgeld in 2019 R46 500 per leerder sal wees. Na verwagting sal die George-skool 'n nieterugbetaalbare inskrywingsgeld van R1 500 elk per nuwe leerder wat by die skool inskryf, hef. Daar word geraam dat die gemiddelde jaarlikse skoolgeld en inskrywingsgeld in 2020 met 7% en daarna met 6% per jaar sal styg. Skoolgeld word maandeliks vooruit betaal terwyl inskrywingsgeld betaal word wanneer die leerders inskryf.
- Kurrikulumuitgawes verteenwoordig die beraamde koste van die ontwikkeling en verbetering van die skool se leermateriaal. Die buitemuurse uitgawes hou verband met die koste daarvan om sport- en kulturele aktiwiteite aan die leerders te verskaf.
- Werknemerskoste verteenwoordig die salarisse betaal aan opvoeders en administratiewe en fasiliteitspersoneel in diens van die George-skool. ŉ Gemiddelde jaarlikse salarisverhoging van 6% per jaar word vanaf 2020 veronderstel. Die vooruitgeskatte getal opvoeders en ondersteuningspersoneel is soos volg:

| | **Getal opvoeders** | **Getal ondersteunings-personeel** |
|---|---|---|
| 2019 | 15 | 10 |
| 2020 | 24 | 15 |
| 2021 | 36 | 20 |
| 2022 | 42 | 20 |
| 2023 | 45 | 20 |
| 2024 | 48 | 20 |

- Fasiliteitskoste verteenwoordig die beraamde munisipale koste (eiendomsbelasting, water en elektrisiteit) en instandhoudingskoste van die George-skooleiendom.
- Die IT-koste sluit die koste van die verskaffing van gratis Wi-Fi by die skool in.
- Bemarkingsuitgawes verteenwoordig die koste van reklame vir die George-skool in die plaaslike media (gemeenskapskoerante en radiostasies) en advertensieborde met die skool se naam daarop in die omgewing van die skool.
- Daar word verwag dat vooropeningskoste, wat bemarkingsuitgawes van R200 000 en ander uitgawes van R100 000 sal behels, in 2018 aangegaan sal word.
- Educo moedig leerders aan om iPads by die skool te gebruik. Elektroniese weergawes van handboeke en ander leermateriaal word beskikbaar gestel om op iPads gelaai te word. Ongelukkig moet Educo steeds materiaal druk maar daar word verwag dat dit met verloop van tyd in reële terme sal afneem. Daar word dus verwag dat die gemiddelde koste van gedrukte materiaal per leerder tussen 2021 en 2024 sal afneem.
- Gedeelde koste verteenwoordig die toegedeelde vooruitgeskatte hoofkantoorkoste wat met inskrywings, finansies, toesig oor kurrikulumontwikkeling, ontwikkeling van strategie en algemene bestuur verband hou. Hierdie koste word gelykop aan individuele skole toegedeel (totale hoofkantoorkoste word deur die aantal oop en operasionale skole gedeel).
- Die koste van die skoolgeboue en sportfasiliteite (R70 miljoen) is oor die verwagte nutsduur van 50 jaar gedepresieer. Toerusting word oor ŉ gemiddelde verwagte nutsduur van sewe jaar gedepresieer.
- Finansieringskoste verteenwoordig die vooruitgeskatte rente op die hoofkantoorlening wat aangegaan is om die George-skool te finansier. Educo se hoofkantoor staan lenings

teen ŉ jaarlikse rentekoers van 12% aan nuwe skole toe. Alle befondsing word deur die hoofkantoor aan individuele skole verskaf. Alle surplus vryekontantvloei word gebruik om hoofkantoorlenings terug te betaal totdat die lenings afbetaal is.

- ŉ Nuut geïnkorporeerde privaatmaatskappy sal die George-skool en die grond en geboue besit. Die maatskappy sal daarop geregtig wees om ŉ gebouetoelaag vir inkomstebelastingdoeleindes te eis. Die bestuursrekenmeester beraam egter dat die nuwe maatskappy nie vir die eerste ses jaar van bedrywighede enige belasbare inkomste sal hê nie.

Educo gebruik ŉ geweegde gemiddelde koste van kapitaal van 14% wanneer nuwe skoolprojekte evalueer word. Die bestuursrekenmeester het ŉ netto huidige waarde- (NHW-) raming (Eng.: 'net present value' (NPV)) vir die George-skool voorberei. Hierdie vooruitgeskatte syfers is gebaseer op die bostaande vooruitgeskatte inkomste en uitgawes en aanvaar dat kontantvloei aan die einde van die kalenderjare voorkom.

| **George-skool NHW** | **2017** | **2018** | **2019** | **2020** | **2021** | **2022** | **2023** | **2024** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **R miljoen** | **R miljoen** | **R miljoen** | **R miljoen** | **R miljoen** | **R miljoen** | **R miljoen** | **R miljoen** |
| Koste van grond | (10,5) | – | – | – | – | – | – | – |
| Boukoste | (28,0) | (42,0) | – | – | – | – | – | – |
| Koste van toerusting | – | (8,0) | – | – | – | – | – | – |
| VVRBDA | – | (0,3) | (2,8) | 2,7 | 7,3 | 10,6 | 16,0 | 22,0 |
| Finansieringskoste | – | – | (20,7) | (14,2) | (15,3) | (16,1) | (16,5) | (16,2) |
| Terminale waarde | – | – | – | – | – | – | – | 115,0 |
| **Netto kontantvloei** | (38,5) | (50,3) | (23,5) | (11,5) | (8,0) | (5,5) | (0,5) | 120,8 |
| | | | | | | | | |
| NHW @ 14% | (68,0) | | | | | | | |
| | | | | | | | | |

Lwandle het geraam dat die terminale waarde aan die einde van 2024 gelyk aan die verwagte markwaarde van die grond en geboue sal wees. Hy het, in die lig van die verwagte negatiewe NHW wat hy bereken het, tot die gevolgtrekking gekom dat die George-skool moontlik nie ŉ finansieel lewensvatbare onderneming is nie.

***Verkoop en terugverhuring***

Educo ervaar likiditeitsbeperkings weens sy hoë groei deur verkrygings en as gevolg van die beleggings wat vir die ontwikkeling van die maatskappy se nuwe skole vereis word. Albei groeigeleenthede vereis beduidende aanvanklike beleggings. Hoewel Educo in staat sou wees om die verkryging van die grond en geboue vir die George-skool te finansier, sal die groep bykomende kapitaal moet verkry om sy bedrywighede in die eerste paar jaar te finansier.

Johannesburg Merchant Bank ('JMB') het aangebied om die nuwe George-skool deur ŉ verkoop- en terughuurooreenkoms met Educo te finansier. Die voorgestelde voorwaardes van die verkoop- en terughuurooreenkoms word in die tabel hieronder opgesom:

| Besonderhede van die JMB verkoop- en terughuurooreenkoms | |
|---|---|
| Betrokke bates | Grond en geboue. JMB sal die grond en geboue op 1 Januarie 2019 verkry. |
| Verkoopprys van die bates | Grond – R15 miljoen<br>Skoolgeboue en sportfasileite – R70 miljoen |
| Huurpaaiemente | Ses jaarlikse paaiemente van R7 500 000, wat elk agterna betaalbaar is en wat op 31 Desember 2019 'n aanvang neem. |
| Terugkoopopsie | Educo het die opsie om die grond en geboue teen R115 miljoen terug te koop wanneer die huurooreenkoms op 31 Desember 2024 tot 'n einde kom. |

As alternatief oorweeg Educo die onderstaande:

- Verkoop die grond en geboue teen R110 miljoen op 1 Januarie 2024; en
- Gaan 'n huurooreenkoms met AMZ Eiendomme aan en betaal hul jaarliks agterna R13 miljoen, wat daarna teen 6% per jaar sal toeneem (Educo beoog om die grond en geboue van daardie stadium af te huur).

***Voorstelle vir prysbepaling***

Educo oorweeg 'n hersiening van sy ESSA-prysbepalingsbeleid ten einde inkomste te verhoog. Die bestuurspan oorweeg om een of meer van die onderstaande alternatiewe vir die verhoging van inkomste en/of kontantvloei te implementeer:

- Bied 'n 2,5%-korting aan ouers indien hulle hul skoolgelde jaarliks vooruit vereffen in plaas daarvan om dit maandeliks vooruit te betaal; en/of
- Verhoog alle skoolgelde met 'n eenmalige 10% en bied terselfdertyd aan om 10% van die jaarlikse skoolgelde terug te betaal indien 'n leerder 'n gemiddeld van ten minste 80% in al sy/haar vakke behaal.

### *2.2 MaxiLearn: Verkoop van buitelandse bedrywigheid*

Educo het op 1 Maart 2016 100% van die gewone aandele in MaxiLearn gekoop, en so beheer oor die maatskappy verkry. MaxiLearn is in Botswana gevestig en gebruik die Botswana Pula (BWP) as sy funksionele geldeenheid. Educo het 'n lening van ZBank Bpk verkry om die koopprys van R200 miljoen in kontant te finansier. Die lening van ZBank Bpk is in maandelikse paaiemente oor 60 maande terugbetaalbaar en alle aspekte rakende die lening is korrek in die afsonderlike finansiële state van Educo verantwoord.

MaxiLearn bedryf skole in Botswana onder die MaxiLearn-handelsmerk. Toe MaxiLearn aangekoop is, was Educo van plan om aktief winsgewende buitelandse skoolbeleggings na te jaag. Educo het egter nie enige verdere vordering hiermee gemaak nie en skole onder die MaxiLearn-handelsnaam is die enigste belegging in buitelandse skole wat deur die Educo-groep besit word.

Op 1 Maart 2016 het MaxiLearn se netto batewaarde BWP100 miljoen beloop, wat uit gewone aandelekapitaal van BWP40 miljoen en behoue verdienste van BWP60 miljoen bestaan het. Die groep se finansiële rekenmeester, Ruby Red, was van mening dat die netto batewaarde redelik ingevolge IFRS 3 *Business Combinations,* weergegee is, met die uitsondering van die onderstaande twee items waar sy onseker was oor hoe dit verantwoord moes word:

- ***Leerbenadering:*** Die MaxiLearn-skole het 'n unieke leerbenadering vir wiskunde ontwikkel, bekend as 'The Magic of Maths'. Die leerbenadering is 'n eerste in sy soort en help primêreskoolleerders om die sleutelbegrippe van wiskunde te verstaan deur verskillende telmetodes te verken, soos om klippies op te stapel, knope in 'n tou te maak

of kepies op stokke te kerf. Ruby het genoem dat bestuur nie van voorneme is om die leerbenadering aan enige party buite die Educo-groep te verkoop of om dit te lisensieer nie, alhoewel dit moontlik sou wees om die leerbenadering aan enige party te verkoop of te lisensieer. Ruby het bepaal dat die billike waarde van hierdie tegniese kundigheid op 1 Maart 2016 BWP10 miljoen beloop het, met 'n nutsduur van sewe jaar vanaf daardie datum. Die tegniese kundigheid sal nie vir enige belastingtoelae of -aftrekkings kwalifiseer nie.

- ***Geboue:*** Die onderstaande inligting het op 1 Maart 2016 met MaxiLearn se geboue verband gehou:

| | |
|---|---|
| Koste | BWP35 miljoen |
| Drabedrag | BWP30 miljoen |
| Billike waarde | BWP55 miljoen |
| Reswaarde | BWP40 miljoen |
| Oorblywende nutsduur | 10 jaar |

Aangesien die skooleiendomme deur die skole as die eienaars daarvan beset word, kwalifiseer dit ook vir belastingtoelaes. Die onderstaande Botswana belasting-wetgewing is van toepassing:

- Die skool is geregtig op 'n jaarlikse slytasietoelaag van 2,5% van die koste van die geboue per jaar.
- Botswana hef nie kapitaalwinsbelasting nie. Enige bedrag ontvang uit die verkoop van die geboue bo en behalwe die belastingwaarde word egter by die belasbare inkomste ingesluit en ten volle teen 22% belas.

Op 1 Maart 2016 is MaxiLearn se beramings van die reswaarde en oorblywende nutsduur soos hierbo aangedui, deur Educo aanvaar.

MaxiLearn het nie sy geboue herwaardeer of enige aanpassings in verband met 'The Magic of Maths' leerbenadering as gevolg van die verkryging deur Educo verwerk nie.

Ruby het die onderstaande uittreksels uit die proefbalanse op 31 Desember 2017 verskaf. Die proefbalans vir die Educo-groep konsolideer alreeds die Suid-Afrikaanse filiale maar laat die konsolidasie van MaxiLearn buite berekening.

| | **Uittreksels uit die Educo-groep se gekonsolideerde proefbalans, uitsluitend die konsolidasie van MaxiLearn*** | **MaxiLearn** |
|---|---|---|
| | **R'000** | **BWP'000** |
| Behoue verdienste aan die begin van die jaar | 3 000 000 | 72 000 |
| Wins na belasting vir die jaar** | 1 350 000 | 23 000 |
| Dividende verklaar en betaal (30 April 2017) | – | (10 000) |

* In Educo se afsonderlike finansiële state is alle bedrae wat met MaxiLearn verband hou, korrek in ooreenstemming met Educo se rekeningkundige beleid vir filiale en beleggings in ekwiteitsinstrumente verantwoord.

** MaxiLearn se wins het reëlmatig deur die hele jaar opgeloop.

In die lig van die behoefte om likiditeit te verbeter, het Educo effektief vanaf 30 November 2017, 82,5% van sy aandelebelang in MaxiLearn vir ‘n kontantbedrag van BWP160 miljoen aan ŉ onderwysmaatskappy gebaseer in die Verenigde Koninkryk (VK), verkoop. Die kontantbedrag is in Educo se BWP-bankrekening wat by die Botswana National Bank (BNB) gehou word, ontvang. As gevolg van hierdie transaksie oefen Educo nie meer enige invloed oor die relevante aktiwiteite van MaxiLearn uit nie. Die billike waarde van die oorblywende belang, met die uitsondering van die verkoopopsie, het op 30 November 2017 BWP25 miljoen beloop. Die verkoopopsie het die onderstaande bepalings en voorwaardes:

- Educo het ŉ verkoopopsie vir die 17,5% oorblywende belang ontvang.
- Dit gee Educo die reg om die oorblywende belang aan die VK-gebaseerde onderwysmaatskappy te verkoop.
- Die trefprys (Eng.: ‘strike price’) sal BWP34 miljoen wees.
- Die verkoop sal een jaar na die implementering van iPad-gebaseerde leertegnieke by MaxiLearn-skole plaasvind. Hierdie implementering word nie geag ŉ relevante aktiwiteit van MaxiLearn te wees nie.
- Die billike waarde van die oorblywende 17,5% belang het op 31 Desember 2017 BWP27 miljoen beloop, uitgesonderd die verkoopopsie. Die verkoopopsie het op 30 November 2017 ŉ billike waarde van BWP5 miljoen en op 31 Desember 2017 ‘n billike waarde van BWP4 miljoen gehad.

Alle aanpassings in verband met die verkoopopsie is korrek in die afsonderlike finansiële state van Educo verantwoord.

Die onderstaande wisselkoerse is van toepassing:

| | **Sigkoers** | **Gemiddelde koers** |
|---|---|---|
| | **BWP:ZAR** | **BWP:ZAR** |
| 1 Maart 2016 | 1,372 | – |
| 1 Maart 2016 tot 31 Desember 2016 | – | 1,322 |
| 31 Desember 2016 | 1,286 | – |
| 30 April 2017 | 1,272 | – |
| 1 Januarie 2017 tot 30 November 2017 | – | 1,269 |
| 30 November 2017 | 1,260 | – |
| 31 Desember 2017 | 1,255 | – |

## 3. Bykomende inligting

- Die Educo-groep het ŉ 31 Desember jaareinde en alle entiteite binne die Educo-groep pas International Financial Reporting Standards (IFRS) toe.
- Maatskappyinkomstebelasting in Botswana is ŉ enkele vaste koers van 22%.
- Educo het IFRS 9 *Financial Instruments* vroeg aanvaar en verantwoord beleggings in ekwiteitsinstrumente teen billike waarde deur ander omvattende inkomste. Geen ekwiteitsbeleggings word vir verhandeling gehou nie. Beleggings in filiaalmaatskappye ingevolge IAS 27 *Separate Financial Statements* word teen kosprys in Educo se afsonderlike finansiële state verantwoord. Daar was geen reserwes of bewegings in ekwiteit behalwe dié wat in die scenario hierbo ingesluit is nie.
- Daar word verwag dat die huidige Suid-Afrikaanse inkomstebelastingkoers (en ander heersende belastingkoerse) vir die afsienbare toekoms onveranderd sal bly.


© SAIGR 2018

# AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2018
# PROFESSIONELE VRAESTEL 2

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL I – VERLANG** | | **Punte** Sub-totaal | **Punte** Totaal |
|---|---|---|---|
| (a) | Ontleed en bespreek Lwandle se beraming van die NHW vir die voorgestelde George-skool en identifiseer enige foute en/of weglatings in sy berekeninge.<br>• Aanvaar dat Lwandle se berekeninge wiskundig akkuraat is.<br>• Dit is nie nodig on die NHW weer te bereken nie. | 19 | |
| | *Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | *1* | 20 |
| (b) | Identifiseer die sleutelfaktore, behalwe vir die resultaat van die NHW-ontleding, wat Educo in ag behoort te neem vir die evaluering van die potensiële lewensvatbaarheid van die voorgestelde George-skool. | 8 | |
| | *Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | *1* | 9 |
| (c) | Bereken die na-belasting NHW vanuit Educo se perspektief van –<br>(i) die aangaan van die voorgestelde JMB verkoop- en terughuurooreenkoms, met die veronderstelling dat Educo die opsie uitoefen om die skooleiendom op 31 Desember 2024 te verkry; en | 10 | |
| | (ii) die aangaan van die alternatiewe ooreenkoms om die skooleiendom tot 2023 te besit en dan ’n langtermyn huurooreenkoms met AMZ Eiendomme aan te gaan.<br>• Beperk jou ontleding tot kontantvloei tot en met 31 Desember 2024.<br>• Voer die berekeninge afsonderlik uit. | 10 | 20 |
| (d) | Bespreek krities die voorstelle om die ESSA prysbepalingsbeleid te wysig.<br>Geen berekeninge word verlang nie. | 10 | |
| | *Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | *1* | 11 |
| **Totaal vir deel I** | | | **60** |


© SAIGR 2018

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

# AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2018
# PROFESSIONELE VRAESTEL 2

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL II – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (e) | Berei die gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit van die Educo-groep vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 voor.<br><br>• Ignoreer al die belastingimplikasies vir Educo wat met die verkoop van die 82,5% belang in MaxiLearn verband hou.<br>• Aantekeninge en vergelykende syfers word nie verlang nie.<br>• ’n Totaalkolom word nie verlang nie.<br>• Alle bedrae moet tot die naaste R’000 aangebied en afgerond word. | 30 | |
| | *Kommunikasievaardighede – aanbieding* | *1* | 31 |
| (f) | Bespreek kortliks hoe Ruby die verkoopopsie van die 17,5%-belang in MaxiLearn in Educo se afsonderlike finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 moet erken, klassifiseer en meet.<br><br>• Ignoreer belasting. | 8 | |
| | *Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | *1* | 9 |
| **Totaal vir deel II** | | | **40** |
| **TOTAAL VIR DIE VRAAG** | | | **100** |